



Read in your language!

We all have at least one language that we understand and communicate best in, although some of us may have more! People use different labels for this language – like “mother tongue” or “mother language” or “home language” – but it is the language we learnt first. It’s the language we think and feel in, the one in which it is easiest for us to express ourselves and communicate with others.

From birth, children hear language around them. First they understand it and then they start to use it themselves. In fact, by the time they are five years old, children’s brilliant young brains have helped them learn how to think and communicate in their home language. But they do still need plenty of opportunities to hear and use their language so that they know it well enough to learn increasingly difficult concepts and skills.

Being read to in your own language should not be considered a nice optional extra for children. It is really an essential and powerful part of learning language and developing literacy. When you read to children regularly in their home language/s, you give them a strong language foundation that makes all learning easier.

If you don’t understand what you are reading, then you are not really reading – no matter how well you can say the words on the page! So, because understanding is at the heart of reading, children need to listen to stories being read in their home language. They can then concentrate completely on the flow of the story instead of struggling to understand a language they don’t know well yet.

Good stories are full of creative language that stimulates our imaginations and gets us thinking about how to solve problems. Authors carefully pick words and phrases that unlock the worlds they are creating for their readers. Like a hearty soup provides goodness to nourish our bodies, reading great stories provides goodness to nourish our minds. They inspire children to read in their home language and then, later on, to learn to read stories in other languages too.

Lees in jou eie taal!

Ons het almal ten minste een taal wat ons die beste verstaan en waarin ons die beste kommunikeer, hoewel sommige van ons dalk meer het! Mense gebruik verskillende name vir hierdie taal – soos “moedertaal” of “huistaal” – maar dit is die taal wat ons eerste geleer het. Dit is die taal waarin ons dink en voel, en dit is die taal waarin ons onself die maklikste uitdruk en waarin ons die maklikste met ander kommunikeer.

Van geboorte af hoor kinders taal om hulle. Eers verstaan hulle dit en dan begin hulle dit self gebruik. Trouens, teen die tyd dat hulle vyf jaar oud is, het kinders se briljante jong breine hulle geleer hoe om in hulle huistaal te dink en te kommunikeer. Hulle het egter steeds baie geleenthede nodig om hulle taal te hoor en te gebruik sodat hulle dit goed genoeg sal ken om toenemend moeiliker konsepte en vaardighede te leer.

Om te luister hoe iemand in jou eie taal vir jou lees, behoort nie bloot ’n lekker opsionele ekstra vir kinders te wees nie. Dit is regtig ’n noodsaaklike en kragtige aspek van die aanleer van taal en die ontwikkeling van geletterdheid. Wanneer jy gereeld vir kinders in hulle huistaal/-tale lees, gee jy hulle ’n sterk taalgrondslag wat alle vorme van leer makliker maak.

As jy nie verstaan wat jy lees nie, lees jy nie regtig nie – ongeag hoe goed jy die woorde op die bladsy kan sê! Omdat begrip die kern van lees is, moet kinders luister na stories wat in hulle huistaal gelees word. Hulle kan dan volkome op die vloei van die storie konsentreer en hoef nie te sukkel om ’n taal wat hulle nog nie goed ken nie, te verstaan nie.

Goeie stories is vol kreatiewe taal wat ons verbeelding stimuleer en ons laat dink oor hoe om probleme op te los. Skrywers kies die woorde en frases wat hulle gebruik om die wêreld vir hul lesers te ontsluit, sorgvuldig. Soos wat voedsele sop ons liggame voed, verskaf goeie stories heilsaamheid wat ons denke voed. Hulle inspireer kinders om in hulle huistaal, en dan later ook in ander tale, stories te leer lees.



International Mother Language Day is celebrated across the world on 21 February every year. Share a story or two with your children on this day using your home language.

Internasionale Moedertaaldag word elke jaar op 21 Februarie oor die hele wêreld heen gevier. Deel ’n storie of twee in julle huistaal met jou kinders om hierdie dag te vier.

We will be taking a break until the week of 15 April 2018. Join us then for more Nal’ibali reading magic!

Ons neem ’n blaaskans tot die week van 15 April 2018. Sluit dan weer by ons aan vir nog Nal’ibali-leesplezier!



Drive your imagination

Join us in taking the power of stories to the next level. Let’s go!
Kom ons neem saam die krag van stories na die volgende vlak. Komaan!



Celebrate our languages!

Vier ons tale!

Afrikaans

English/Engels

Josh

Priya

English/Engels

Hope

IsiXhosa

Bella

IsiZulu

IsiZulu

Neo

Mbali

Sesotho

Afrika

Sesotho

Noodle

Dog language/Hondetaal

Dintle

Instructions

- 1. Look at the pictures and information to find out what home languages the Nal'ibali characters speak. Do any of them speak the same home language/s as you?
- 2. Draw a picture of yourself in the middle.
- 3. Write your name and the home language/s you speak in the box next to your picture.
- 4. Cut off the bottom of the page and display your poster.



Instruksies

- 1. Kyk na die prente en inligting om uit te vind watter huistale die Nal'ibali-karakters praat. Praat enige van hulle dieselfde huistaal/-tale as jy?
- 2. Teken 'n prent van jouself in die middel.
- 3. Skryf jou naam en die huistaal/-tale wat jy praat in die kassie langs jou prent.
- 4. Knip die bladsy onder af en stal jou plakkaat uit.



Drive your imagination

Dear Na'ibali

We speak isiZulu at home. My youngest child is in Grade 2 and I'm happy that, although he is learning English at school, all his other lessons are in isiZulu. His older sister is in Grade 6. When she went to Grade 4, suddenly all her lessons were in English even though she still did isiZulu as a subject. It was very difficult for her, and her marks dropped a lot. I want to help prepare my son for the switch to English in two years' time so that he does not struggle as much as she did. Do you think I should help him by speaking and reading to him only in English and not in isiZulu?

Thokozile Dlungwana, KwaMashu

Dear Thokozile

It is extremely difficult for children to do well at school when they have to learn in a language that they have not yet mastered properly. One of the ways you can help prepare your son for the switch to English is to continue doing what you are already doing – use his home language, isiZulu, at home! Use it for everyday conversations and reading and writing. Being able to use his home language well, will build a firm foundation for him to learn another language. You can also help him make the connections to English by sometimes reading English picture books to him and by singing and saying English songs and rhymes together. If you do this, you will be developing his home language and adding to his language skills by helping him learn a new language in a natural and fun way.

The Na'ibali Team

Beste Na'ibali

Ons praat isiZulu by die huis. My jongste kind is in Graad 2 en ek is bly dat, al leer hy Engels op skool, al sy ander lesse in isiZulu is. Sy ouer suster is in Graad 6. Toe sy Graad 4 toe is, was al haar lesse skielik in Engels, al het sy steeds isiZulu as 'n vak gehad. Dit was baie moeilik vir haar, en haar punte het baie geval. Ek wil my seun help om voor te berei vir die omskakeling na Engels oor twee jaar, sodat hy nie so baie sukkel as wat sy gesukkel het nie. Dink julle ek behoort hom te help deur slegs in Engels vir hom te lees en met hom te praat, en glad nie isiZulu nie?

Thokozile Dlungwana, KwaMashu

Beste Thokozile

Dit is uiters moeilik vir kinders om goed te vaar op skool wanneer hulle in 'n taal moet leer wat hulle nog nie behoorlik bemeester het nie. Een van die maniere waarop jy jou seun kan help voorberei vir die omskakeling na Engels, is om aan te hou doen wat jy reeds doen – gebruik sy huistaal, isiZulu, by die huis! Gebruik dit vir alledaagse gesprekke en vir lees en skryf. As hy sy huistaal goed kan gebruik, sal dit 'n sterk grondslag vir hom lê om nog 'n taal aan te leer. Jy kan hom ook help om die verbande met Engels te trek deur soms vir hom Engelse prentboeke te lees en deur saam met hom Engelse liedjies te sing en Engelse rymies op te sê. As jy dit doen, sal jy sy huistaal ontwikkel en sy taalvaardighede versterk deur hom te help om 'n nuwe taal op 'n natuurlike en prettige manier aan te leer.

Die Na'ibali-span

Dear Na'ibali ... Beste Na'ibali ...

WRITE TO US!
SKRYF AAN ONS!

The Na'ibali Supplement
The Na'ibali Trust
Suite 17-201, Building 17
Waverley Business Park
Wycroft Road
Mowbray
7700

info@nalibali.org

Dear Na'ibali

My wife speaks Sepedi and English, and I speak Setswana and English. Our children learnt to speak Sepedi and Setswana before they went to school, and now they are also learning English at school. We love reading stories to them and we want to help them develop all three languages, but it is difficult to find stories to read in Sepedi and Setswana. Can you help us?

Itumeleng Kgomo, Kagiso

Dear Itumeleng

You are right! It is much harder to find stories in Sepedi and Setswana that children can read for pleasure. But we can help! You can download and print stories in all South Africa's official languages from our website (www.nalibali.org). Your children can also read them on a cellphone when you go to our mobisite (www.nalibali.mobi). We hope you enjoy our stories.

The Na'ibali Team

Beste Na'ibali

My vrou praat Sepedi en Engels en ek praat Setswana en Engels. Ons kinders het Sepedi en Setswana leer praat voor hulle skool toe is, en nou leer hulle ook Engels op skool. Ons lees graag vir hulle stories, en wil hulle help om al drie tale te ontwikkel, maar dit is moeilik om stories in Sepedi en Setswana te vind wat ons vir hulle kan lees. Kan julle ons help?

Itumeleng Kgomo, Kagiso

Beste Itumeleng

Jy's heeltemal reg! Dis baie moeiliker om stories in Sepedi en Setswana te vind wat kinders vir genot kan lees. Maar ons kan help! Jy kan stories in al Suid-Afrika se amptelike tale van ons webwerf (www.nalibali.org) aflaai en uitdruk. Jou kinders kan dit ook op 'n selfoon lees wanneer jy na ons selfoonwerf (www.nalibali.mobi) gaan. Ons hoop julle geniet ons stories.

Die Na'ibali-span

It's International Mother Language Day on 21 February! Celebrate it by reading the stories in the Na'ibali Supplement with your children. Read them in your home language first and then read them in the other language.

Dis Internasionale Moedertaaldag op 21 Februarie! Vier dit deur die stories in die Na'ibali-bylae saam met jou kinders te lees. Lees dit eers in julle huistaal en dan in die ander taal.



Drive your
imagination





Get story active!

Here are some ideas for using the two cut-out-and-keep picture books, *Lyle the crocodile* (pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12) and *How many?* (pages 9 and 10), as well as the Story Corner story, *The pouch of gold* (page 14). Choose the ideas that best suit your children's ages and interests.

Lyle the crocodile


In this story, Lyle doesn't like brushing his teeth and now he has terrible toothache. His friend takes him to the dentist, but Lyle won't let the dentist help him. Eventually Lyle gets help with cleaning his teeth, and he doesn't even have to brush his teeth! This story encourages children to look after their teeth.



- ★ As you read the story together, enjoy looking at the pictures and talking about the details in them.
- ★ Play a game that encourages critical thinking. Discuss the following questions, giving each other reasons for your choices:
 - ☉ If you were a dentist, would you rather fix the teeth of a crocodile or a hippo?
 - ☉ Would you rather clean your teeth yourself, or have someone else clean them for you? What if that person were a baby?
- ★ Ask your children to think about what they do to look after their teeth – or what they should do. Then suggest that they write some rules for Lyle to follow so that he looks after his teeth better.
- ★ Encourage your children to look at their wide-open mouths in a mirror and then to draw or paint a picture of the inside of their mouths.

How many?

This little book focuses on numbers while telling a story. Younger children will enjoy it, but you can use it with older children too. Suggest that they read it in their mother tongue first and then in the other language of the supplement. They can also read it to each other and to younger children who they know.



- ★ As you read the book, allow time for your children to count the items and answer the question on each page.
- ★ After you have read the book together, invite your children to tell the story that is in the pictures. If they need help starting, look at page 2 and say, "One day ...". Then let them complete the story.
- ★ Suggest that your children make their own number books. Let them draw pictures or cut them out of magazines. Then they can add numbers and words to the pages of their book.

The pouch of gold

A homeless man tells the truth about the pouch of gold coins that he found, but will the king believe him? This is a story about honesty and treating everyone with respect.



- ★ After you have read the story, talk about it with your children. Together discuss questions like these, and encourage your children to suggest reasons for their opinions:
 - ☉ Do you think the merchant would have treated the man differently if he had not been homeless? Do you think that is fair?
 - ☉ Do you think the king behaved fairly towards the homeless man and the merchant?
- ★ Imagine that the merchant wanted to put a reward notice in the local newspaper. What would it look like? What would it say? Invite your children to design the notice.
- ★ Encourage your children to create a radio news report on what happened in the story. Suggest that they include an interview with the merchant and the homeless man in their report.

Raak doenig met stories!

Hier is 'n paar idees om die twee knip-uit-en-bêreboekies, *Karel die krokodil* (bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12) en *Hoeveel?* (bladsye 9 en 10), asook die Storiehoekie-storie, *Die sakkie goud* (bladsy 15) te gebruik. Kies die idees wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.



Karel die krokodil

In hierdie storie hou Karel nie daarvan om sy tande te borsel nie, en nou het hy 'n vreeslike tandpyn. Sy vriend vat hom na die tandarts toe, maar Karel wil nie hê die tandarts moet hom help nie. Uiteindelik kry Karel hulp om sy tande skoon te maak, en hy hoef nie eens sy tande te borsel nie! Hierdie storie moedig kinders aan om hul tande te versorg.

- ★ Terwyl julle die storie saam lees, geniet dit om na die prente te kyk en oor die detail daarin te gesels.
- ★ Speel 'n speletjie wat kritiese denke aanmoedig. Bespreek die volgende vrae en gee vir mekaar redes vir julle keuses:
 - ☉ As jy 'n tandarts was, sou jy eerder 'n krokodil of 'n seekoei se tande wou regmaak?
 - ☉ Sou jy eerder jou eie tande wou skoonmaak, of sou jy wou hê iemand anders moet dit vir jou skoonmaak? Wat as daardie persoon 'n baba is?
- ★ Vra jou kinders om te dink oor wat hulle doen om hul tande te versorg – of wat hulle behoort te doen. Stel dan voor dat hulle vir Karel reëls neerskryf wat hy moet volg om sy tande beter te versorg.
- ★ Moedig jou kinders aan om hul monde wawyd oop te maak en in 'n spieël daarna te kyk. Laat hulle dan 'n prent van die binnekant van hul monde teken of verf.

Hoeveel?

Hierdie klein boekie fokus op getalle terwyl 'n storie vertel word. Jonger kinders sal dit geniet, maar jy kan dit ook vir ouer kinders gebruik. Stel voor dat hulle dit eers in hul moedertaal lees en dan in die ander taal van die bylae. Hulle kan dit ook vir mekaar lees en vir jonger kinders wat hulle ken.

- ★ Terwyl jy die boek lees, gee vir kinders tyd om die items te tel en die vraag op elke bladsy te beantwoord.
- ★ Nooi jou kinders om die storie in die prente te vertel nadat julle die boek saam gelees het. As hulle hulp nodig het, kyk na bladsy 2 en sê: "Eendag ...". Laat hulle dan die storie voltooi.
- ★ Stel voor dat jou kinders hul eie getalleboeke maak. Laat hulle prente teken of prente uit tydskrifte uitknip. Hulle kan dan getalle en woorde byvoeg by die bladsye van hul boek.

Die sakkie goud

'n Hawelose man vertel die waarheid oor die sakkie met goue munte wat hy gevind het, maar sal die koning hom glo? Hierdie is 'n storie oor eerlikheid en om almal met respek te behandel.

- ★ Gesels met jou kinders oor die storie nadat julle dit saam gelees het. Bespreek saam vrae soos die volgende, en moedig jou kinders aan om redes vir hul menings te gee:
 - ☉ Dink julle die handelaar sou die man anders behandel het as hy nie haweloos was nie? Dink julle dit is regverdig?
 - ☉ Dink julle die koning het regverdig opgetree teenoor die hawelose man en die handelaar?
- ★ Stel julle voor dat die handelaar 'n kennisgewing oor 'n beloning in die plaaslike koerant wil plaas. Hoe sou dit lyk? Wat sal daarin staan? Nooi jou kinders om die kennisgewing te ontwerp.
- ★ Moedig jou kinders aan om 'n radionuusberig te skryf oor wat in die storie gebeur het. Stel voor dat hulle 'n onderhoud met die handelaar en die hawelose man in hul verslag insluit.



Create TWO cut-out-and-keep books

How many?

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

Lyle the crocodile

1. To make this book use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

Hoeveel?

1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.

Karel die krokodil

1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.



Drive your imagination



Karel gryp uit die stoel so vinnig as wat hy kan.
 “Ek kan jou nie meer help nie,” sug Simon.



Lyle slid out of the chair and away as fast as he could.
 “I can’t help you anymore,” said Harry.



We publish what we like

This is an adapted version of *Lyle the crocodile* published by Jacana Media and available in bookstores and online from www.jacana.co.za. This story is available in isiXhosa, isiZulu, English and Afrikaans. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to www.jacana.co.za.

Hierdie is ’n aangepaste weergawe van *Karel die krokodil*, uitgegee deur Jacana Media en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.jacana.co.za. Hierdie storie is beskikbaar in isiZulu, isiXhosa, Engels en Afrikaans. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na www.jacana.co.za.

© Jacana Media (South African rights only) Tel: 011 628 3200




Nal’ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal’ibali is ’n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil ’n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi




Lyle the crocodile Karel die krokodil



Dianne Stewart
 Joan Rankin
 Marlise Joubert



“As jy nie jou tande borsel en skoon hou nie, sal jy tandverrotting kry,” sê dr. Slagrand streng. “Jy behoort jou tande te vlos en ’n mondspoeelmiddel te gebruik.”



Lyle NEVER brushed his teeth. He didn't floss them either.
One day Harry Hippo saw Lyle looking very grumpy.
“What's the matter with you, Lyle?” asked Harry.
“I have toothache,” cried Lyle.
“You need to see a dentist,” said Harry.
“But I've NEVER been to a dentist in my life,” said Lyle.



Lyle headed back to his favourite place at the river.
What was he going to do?
Karel gaan reguit terug na sy geliefkooosde plek toe
by die rivier. Wat gaan hy nou maak?





“If you don’t clean your teeth, you’ll get tooth decay,” said Dr Canine sternly. “You should floss and use a mouthwash.”

Karel het NOOIT sy tande geborsel nie. Hy het hulle ook nie gevlos nie.

Op ’n dag sien Simon Seekoei dat Karel baie omgekrap lyk.

“Wat is fout met jou, Karel?” vra Simon.

“Ek het tandpyn,” huil hy.


“Jy moet dadelik ’n tandarts gaan sien,” sê Simon.

“Maar ek was nog NOOIT by ’n tandarts in my hele lewe nie!” sê Karel.




While he was basking in the setting sun, Lyle heard, *kerr ... kerr ... kerr ...* Then he noticed the blue-grey legs around him.

Terwyl Karel bak in die ondergaande son, hoor hy *kerr ... kerr ... kerr ...*. Toe sien hy skielik die grysblou beenjies om hom.




When Pippa had finished, she said, “I’ll have to clean your teeth more often, Lyle, but you should go back to Dr Canine every year for a check-up.”

Toe Pippa klaar is, sê sy: “Ek sal jou tande meer gereeld moet skoonmaak, Karel, maar jy behoort elke jaar terug te gaan na dr. Slagtand toe vir ’n goeie ondersoek.”



Lyle would not let the dentist fill his tooth
because he was afraid of the shuddering NOISY
drill. He even refused to have his tooth pulled out.

Karel wil glad nie hê dat die
tandarts sy tand moet opvul
nie, want hy is bang vir die
sidderende RASERIGE
boor. Hy weier selfs dat sy
tand uitgetrek moet word.



“Don’t worry, my friend, I’ll make an appointment for
you,” said Harry.

But Dr Molar, the dentist, said he was full and couldn’t
see Lyle.

“Moet jou nie bekommer nie, my vriend, ek sal ’n
afspraak vir jou maak,” sê Simon Seekoei.

Maar dr. Kiestand, die tandarts, sê hy is vol en kan nie
vir Karel Krokodil sien nie.



Karel maak sy bek eers so ’n klein bietjie oop,
dan al hoe wyer. Pippa spring reguit binne-in.
Terwyl Pippa se vriende na insekte soek daar
naby, pik sy kos en stukkies vis tussen Karel se tande
uit. Sy haal selfs ’n bietjie vislyn uit!



How many eggs sizzle
in the pan?
Hoeveel eiers bak in
die pan?

How many children are
playing together?
Hoeveel kinders spring
saam tou?



How many?
Hoeveel?



Carole Bloch
Reviva Schermbrucker
Tracy Theunis



Reproduced by kind permission of The Little Hands Trust and the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA). To find out more about PRAESA, go to www.praesa.org.za.

Gereproduseer met die goedgunstige toestemming van The Little Hands Trust en die Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA). Om meer uit te vind oor PRAESA, gaan na www.praesa.org.za.



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi





How many fat hens peck
in the yard?
Hoeveel vet hoenders pik
op die werf?



How many yellow suns
shine in the sky?
Hoeveel geel sonne skyn in
die lug?



How many tummies are
full now?



1. One yellow sun
Een heldergeel son



2. Two fat hens
Twee vet henne



3. Three playing
children
Drie kinders
wat touspring



4. Four sizzling eggs
Vier eiers
wat bak



5. Five full tummies
Vyf vol magies

Hoeveel vol magies is
daar nou?



But Lyle did NOT like to be strapped to the dentist's chair. When Dr Canine asked him to open his mouth wider, Lyle threatened to BITE him.


Maar Karel hou NIE daarvan om vasgeordel te word aan die tandartsstoel nie. Toe dr. Slagtand hom vra om sy bek groter oop te maak, dreig Karel sommer om hom te BYT.

"I'll try another dentist," said Harry, showing concern for his friend who was groaning in pain.

But Dr Incisor said his consulting chair was not long enough for Lyle to sit in. He was also afraid that the lights might be too bright for Lyle.

"Ek sal 'n ander tandarts vir jou kry," sê Simon, wat baie besorgd is oor sy vriend wat so kerm van die pyn.

Maar dr. Snytand sê dat sy tandartsstoel nie lank genoeg is vir 'n krokodil om in te sit nie. Hy is ook bang dat die ligte te helder sal wees vir Karel.



"What's up with you, Lyle?" said Pippa, the plover. "You seem so down in the dumps."

Lyle did not answer. He kept his mouth firmly SHUT.


"Wat makeer jou, Karel?" vra Pippa, die kiewiet. "Jy lyk so bedruk."

Karel antwoord nie. Hy hou sy bek styf TOE.


Lyle opened his mouth a little at first, then a little wider. Pippa jumped right into it.

While Pippa's friends searched for insects nearby, she picked food and pieces of fish out of Lyle's teeth. She even removed some fishing line!






When Harry phoned Dr Canine for an appointment, he agreed to see Lyle.
“Bring him after hours,” he said. “When my other patients have gone home!”
Toe Simon vir dr. Slagtanda
bel vir ’n afspraak, stem hy in om
Karel te sien.
“Bring hom na-ure hiernatoe,”
sê hy, “as al my ander pasiënte al
huis toe is!”



Pippa and her friend sang a little song, trying to comfort Lyle.
“How can you make a crocodile smile?
Take him to swim in the Nile!”
But Lyle kept his mouth firmly SHUT.
“Open your mouth, Lyle, or I won’t be able to help you,” said Pippa.
Pippa en haar maatjie sing ’n liedjie om vir Karel daarmee te troos.
“Hoe kan ons ’n krokodil laat lag van plesier? Vat hom vir ’n swem in die Nylrivier!”
Maar Karel hou sy bek steeds styf TOE.
“Maak oop jou bek, Karel, of anders kan ek jou nie help nie,” sê Pippa.



Lyle’s tooth ached more and more and he became grumpier and grumpier.

Karel se tand pyn al hoe erger en erger en hy word al hoe knorriger en knorriger.



His friends stayed away from him and they complained about his STINKY breath.
Sy vriende bly ver weg van hom af en hulle kla oor sy asem wat so STINK.



A tribute to a dear friend

On 31 December 2017, Nal'ibali lost a dear friend when our African languages project manager, Nkululeko Ndiki, passed away suddenly.



Nkululeko Ndiki

Nkululeko was part of the backbone of the Nal'ibali Supplement. Since 2012, he made sure that four African languages sat proudly next to English in over one hundred editions. He worked very hard and with astounding skill to ensure that what we published was always of the highest possible quality.

We have lost one of the most talented isiXhosa editors in the country, and a South African committed to ensuring that all our languages assume their rightful place. But more than that we have lost a gentle, caring and generous human being who helped nurture Nal'ibali into being.

Nkululeko truly understood the power that the written word has to shape lives. His legacy lives on in the ways in which his words have inspired us and our Nal'ibali Supplement readers, and through his contribution to indigenous South African languages.

Hamba kahle, Nkululeko! We will always be grateful to you.

'n Huldeblyk aan 'n dierbare vriend

Op 31 Desember 2017 het Nal'ibali 'n dierbare vriend verloor toe ons projektebestuurder vir Afrikatale, Nkululeko Ndiki, skielik oorlede is.



Nkululeko was deel van die ruggraat van die Nal'ibali-bylae. Hy het sedert 2012 seker gemaak dat vier Afrikatale trots langs die Engels verskyn in meer as een honderd uitgawes. Hy het baie hard en met verstommende vaardigheid gewerk om te verseker dat dit wat ons gepubliseer het, altyd van die hoogste moontlike gehalte was.

Mokgapa o mogolo o wele dithaga tša lla bošogošogo.

The mighty has fallen and all those who relied on him felt the impact.
'n Held het geval, en almal wat op hom staatgemaak het, voel die impak daarvan.

Matlakala Linkie Kganyago -
Sepedi editor
Matlakala Linkie Kganyago -
Sepedi-redigeerder

How very quietly and silently he tiptoed into our world,
Only a moment he stayed,
But what an imprint his footprints have left upon our hearts,
Go well, my brother.

Pulane Mahlasela - Sesotho editor

Hoe sag en stil het hy ons wêreld betree,
En net vir 'n oomblik gebly,
Maar wat 'n onuitwisbare merk het sy voetspore in ons harte gelaat,
Rus sag, my broer.

Pulane Mahlasela -
Sesotho-redigeerder

Ons het een van die mees talentvolle isiXhosa-redigeerders in die land verloor, en ook 'n Suid-Afrikaner wat daartoe verbind was om seker te maak dat al ons tale hul regmatige plek inneem. Maar meer as dit het ons 'n sagmoedige, deernisvolle en vrygewige mens verloor wat gehelp het om Nal'ibali tot stand te bring.

Nkululeko het die krag van die geskrewe woord om lewens te vorm regtig goed verstaan. Sy nalatenskap leef voort in die maniere waarop sy woorde ons en die lesers van ons Nal'ibali-bylae geïnspireer het, en deur sy bydrae tot inheemse Suid-Afrikaanse tale.

Hamba kahle, Nkululeko! Ons sal jou altyd dankbaar wees.

NAL'IBALI ON RADIO!

Tune into the following radio stations to enjoy listening to stories on Nal'ibali's radio show!

Ikwekwezi FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.45 a.m.

Lesedi FM on Monday, Tuesday and Thursday at 9.45 a.m.

Ligwalagwala FM on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.

Munghana Lonene FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.35 a.m.

Phalaphala FM on Monday to Wednesday at 11.15 a.m.

RSG on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.

SAfm on Monday, Wednesday and Friday at 1.50 p.m.

Thobela FM on Tuesday and Thursday at 2.50 p.m., on Saturday at 9.20 a.m. and on Sunday at 7.50 a.m.

Ukhozi FM on Wednesday at 9.20 a.m. and on Saturday at 8.50 a.m.

Umhlobo Wenene FM on Monday to Wednesday at 9.30 a.m.

X-K FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.00 a.m.



NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Skakel op enige van die volgende radiostasies in en geniet dit om na stories op Nal'ibali se radioprogram te luister!

Ikwekwezi FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.45 vm.

Lesedi FM op Maandag, Dinsdag en Donderdag om 9.45 vm.

Ligwalagwala FM van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.

Munghana Lonene FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.35 vm.

Phalaphala FM van Maandag tot Woensdag om 11.15 vm.

RSG van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.

SAfm op Maandag, Woensdag en Vrydag om 1.50 nm.


Thobela FM op Dinsdag en Donderdag om 2.50 nm., op Saterdag om 9.20 vm. en op Sondag om 7.50 vm.

Ukhozi FM op Woensdag om 9.20 vm. en op Saterdag om 8.50 vm.

Umhlobo Wenene FM van Maandag tot Woensdag om 9.30 vm.

X-K FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.00 vm.


The pouch of gold



By Phumlani Mavimbela ★ Illustrations by Natalie and Tamsin Hinrichsen

One morning a homeless man woke up. He had spent the previous night begging for food, but no one had shown him any kindness. His stomach was growling because he was very hungry. Desperate to find food, he walked through the village market begging merchants for their leftovers.

"Please ... please ... It's been two days since I have eaten. Please give your leftovers to a poor homeless man," he pleaded.



But most people pretended he was invisible. Those who saw him, threw rotten fruit at him and called him names like "street rat" and "slum dog".

After many tries and many insults, the man decided to go scratching through a nearby rubbish dump, hoping he might find food there. While he was searching through piles of old rubbish, he suddenly saw a small leather pouch that was tied at the top with string. He picked it up and opened it. It was full of gold coins! With a heart filled with joy, he counted his treasure.

"One, two, three ... a hundred gold coins!" he said when he had finished counting. "This will feed me for the rest of my life."

As the man ran back into the market place looking forward to having a full stomach, he heard a merchant shouting, "Listen everyone! I have lost my pouch of gold coins and I will reward anyone who brings it to me!"

The homeless man had a kind heart and he felt bad for the merchant. He decided to do the right thing.

"Is this the pouch you have lost?" he asked, holding up the pouch he had found.

"Oh my, you've found it!" said the merchant taking the pouch and counting the gold coins inside.

The homeless man waited a while then he asked softly, "Sir, you said something about a reward?"

"Reward?" scoffed the merchant. "Why should I give you a reward? You have already stolen some of the coins!"

"I have not taken anything from the pouch. Please, can I have the reward you promised?" asked the homeless man.

"The pouch I lost had two hundred gold coins in it. Now it only has a hundred coins. You have already stolen more than your reward," said the merchant angrily.

"Please, sir, I have not stolen anything," explained the homeless man. "All the coins are in the pouch, exactly as I found them."

"Go away, before I call the king's guards to arrest you," shouted the merchant.

"I may not seem like much to you, but I am an honest man," said the homeless man. "Call the guards and I will prove myself before the king."

So, the merchant called the guards. Then the merchant followed them and the homeless man to the king.

"What can I do to help the two of you?" asked the king when the merchant and the homeless man were standing in front of him.

The merchant was the first to speak. He told the king his side of the story. He explained how many gold coins had been in his lost pouch and how the homeless man had stolen half of them.

The king listened to the merchant, then he turned to the homeless man and asked, "What do you have to say for yourself?"

"My king, I found the pouch on the rubbish dump and it had only a hundred gold coins in it," said the homeless man bowing his head as he spoke. "That is the truth."

The king thought for a while and then he said, "Merchant, am I correct? You say that your pouch had two hundred gold coins in it."

"Yes, my king," said the merchant.

"I see," said the king stroking his long beard. "Well, I believe both of you and I can solve this easily! Merchant, you said that the pouch you lost had two hundred gold coins in it. That is a lot of gold to carry around in a small pouch. But, the pouch this homeless man found only had a hundred gold coins inside. That means that this is not the pouch that you lost. I order you to give it to the homeless man immediately."




And so, the merchant had no choice but to give the pouch to the homeless man. The homeless man's honesty had paid off and he lived a long and happy life, with plenty to eat every day.

Die sakkie goud

Deur Phumlani Mavimbela ★ Illustrasies deur Natalie en Tamsin Hinrichsen

Een oggend word 'n hawelose man wakker. Hy het die vorige aand oral vir kos gevra, maar niemand het hom iets gegee nie. Sy maag grom, want hy is baie honger. Desperaat om kos te kry, stap hy deur die dorpsmark en smeek die handelaars vir hul oorskiet.

"Asseblief ... asseblief ... ek het twee dae laas geëet. Gee asseblief jul oorskiet vir 'n arme hawelose man," pleit hy.



Maar die meeste mense maak of hy onsigbaar is. Dié wat hom sien, gooi hom met vrot vrugte en snou hom name toe soos "straatrot" en "rondloperhond".

Na baie probeerslae en baie beledigings, besluit die man om in 'n rommelhoop daar naby te gaan krap vir kos. Terwyl hy deur vragte ou rommel soek, sien hy skielik 'n klein leersakkie wat aan die bokant met tou toegebind is. Hy tel dit op en maak dit oop. Dit is vol goue munte! Met 'n hart wat oorloop van vreugde, tel hy sy skat.

"Een, twee, drie ... eenhonderd goue munte!" sê hy toe hy klaar getel het. "Hiermee sal ek die res van my lewe kan kos koop."

Terwyl die man terughardloop mark toe en uitsien na 'n vol maag, hoor hy 'n handelaar skree: "Luister, almal! Ek het my sak met goue munte verloor en ek sal vir enigiemand wat dit vir my bring 'n beloning gee!"

Die hawelose man het 'n goeie hart en hy voel jammer vir die handelaar. Hy besluit om die regte ding te doen.

"Is dit die sakkie wat jy verloor het?" vra hy vir die handelaar, en hou die sakkie wat hy gevind het op.

"Goeiste, jy het dit gevind!" sê die handelaar. Hy vat die sakkie en tel die munte.

Die hawelose man wag 'n rukkie en vra toe sag: "Meneer, u het iets van 'n beloning gesê?"

"Beloning?" sê die handelaar smalend. "Waarom moet ek vir jou 'n beloning gee? Jy het reeds van my munte gesteel!"

"Ek het niks uit die sakkie gevat nie. Kan ek asseblief die beloning kry wat u belowe het?" vra die hawelose man.

"Daar was tweehonderd goue munte in die sakkie wat ek verloor het. Nou is daar slegs eenhonderd munte in. Jy het reeds meer as jou beloning gesteel," sê die handelaar woedend.

"Asseblief, meneer, ek het niks gesteel nie," verduidelik die hawelose man. "Al die munte is in die sakkie, net soos ek dit gevind het."

"Maak dat jy wegkom, voor ek die koning se wagte roep om jou te arresteer," skreeu die handelaar.

"U mag dalk dink ek is nie veel werd nie, maar ek is 'n eerlike man," sê die hawelose man. "Roep die wagte, en ek sal voor die koning bewys dat ek die waarheid praat."

Die handelaar laat kom toe die wagte. Toe gaan die handelaar saam met hulle en die hawelose man na die koning toe.

"Wat kan ek vir julle twee doen?" vra die koning toe die handelaar en die hawelose man voor hom staan.

Die handelaar praat eerste. Hy vertel die koning sy kant van die storie. Hy verduidelik hoeveel goue munte hy in die sakkie gehad het wat hy verloor het, en hoe die hawelose man die helfte daarvan gesteel het.

Die koning luister na die handelaar, en daarna draai hy na die hawelose man en vra: "Wat het jy vir jouself te sê?"

"My koning, ek het die sakkie op die rommelhoop gevind en daar was slegs eenhonderd goue munte daarin," sê die hawelose man met 'n geboë hoof terwyl hy praat. "Dis die waarheid."

Die koning dink 'n rukkie en sê dan: "Handelaar, is ek korrek? Jy sê daar was tweehonderd goue munte in jou sakkie."

"Ja, my koning," sê die handelaar.

"Ek sien," sê die koning en streel oor sy lang baard. "Wel, ek glo albei van julle en ek kan dit maklik oplos! Handelaar, jy sê daar was tweehonderd goue munte in die sakkie wat jy verloor het. Dit is baie goudstukke om in 'n klein sakkie rond te dra. Maar in die sakkie wat hierdie hawelose man gevind het, was daar slegs eenhonderd goue munte. Dit beteken dit is nie die sakkie wat jy verloor het nie. Ek beveel jou om dit onmiddellik vir die hawelose man te gee."





En so moes die handelaar toe maar die sakkie vir die hawelose man gee. Die man se eerlikheid het hom gebaat, en hy het 'n lang en gelukkige lewe gelei, en elke dag oorgenoeg kos gehad om te eet.

Nal'ibali fun

Nal'ibali-pret

1.

- ☉ Priya promised her younger brother, Rahul, that she would read to him. Can you help him get to her?
- ☉ Priya het haar kleinboet, Rahul, belowe dat sy vir hom sal lees. Kan jy hom help om by haar uit te kom?



2.

- ☉ How many of these can you see in the picture below?

- ducks _____
- fish _____
- boats _____
- books _____
- birds _____
- trees _____
- picnic baskets _____
- people enjoying stories _____
- people wearing hats _____
- people sitting down _____

- ☉ Hoeveel van die volgende kan jy in die prent hieronder sien?

- eende _____
- visse _____
- bote _____
- boeke _____
- voëls _____
- bome _____
- piekniekmandjies _____
- mense wat stories geniet _____
- mense wat hoede dra _____
- mense wat sit _____



3.

- ☉ Tell your own story which is based on the picture in (2). Start like this: "One day, Neo and ..."
- ☉ Vertel jou eie storie wat op die prent in (2) gebaseer is. Begin so: "Eendag het Neo en ..."

Answers/Antwoorde: (2) 6, 3, 1, 3, 4, 3, 1, 5, 2, 4

Don't forget that we will be taking a break until the week of 15 April 2018. Enjoy the holidays, and join us after the holiday for more Nal'ibali reading magic! In the meantime, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi to find stories and reading-for-enjoyment inspiration.



Onthou dat ons 'n blaaskans neem tot die week van 15 April 2018. Geniet die vakansie en sluit na die vakansie weer by ons aan vir nog Nal'ibali-leesplesier! Gaan intussen na www.nalibali.org of www.nalibali.mobi vir stories en lees-vir-genot-inspirasie.

Produced for Nal'ibali by the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Tiso Blackstar Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

SW
Sunday
World



Drive your
imagination